## SOSIALISTIESE GROEPS-EGOÏSME AS WESENSKENMERK

van ons

## VEROUDERDE BRITS-GEORIËN-TEERDE S.A. VAKBONDSWESE

Elders, nl. in Sabra se „Nuusbrief", het ek onlangs vertel van Christelike Vakbonde veral onder die naturelle van nie-Britse gebiede. Hierdie organisasie word gelei deur die Internasionale Christelike Vakverbond, met setel in Brussel. Dit is baie ruim in sy opvattinge en beleid, en laat selfs Mohammedane toe. Na aanleiding daarvan het ek die vraag gestel of ons nie in Suid-Afrika, met sy lugleegte wat naturelle-vakunies betref, 'n dergelike beweging kan begin nie. Daarop het ek geantwoord dat, hoewel naturelle-vakunies nie amptelik erken word nie en naturelle-stakings verbied is, die wet op „Beslegting van Geskille" wat naturelle betref, wel opening skyn te gee vir die

optrede van naturelle-vakunies in adviserende hoedanigheid.

Ongelukkig het ons geen model om te volg nie (behalwe miskien „Spoorbond", en dié is net bedoel vir blankes), terwyl die bestaande Sentraal-Afrikaanse Vakunies vir naturelle wel in algemene sin Christelik-Nasionaal is, maar apartheid nie ken nie en heeltemal toegespits is op die teëstelling tussen die Christelike en anti-Christelike houding, wat by ons glad nie die kontinentale draagwydte het nie. Trouens by ons is die leuse nie, soos in die Christelike Nederland nie: „Teen die Rewolusie die Evangelie"! By ons gaan dit om die behoud van die Westerse beskawing by die oorplanting daarvan op die nie-blankes, terwyl ons Brits-georiënteerde vakunies teer op 'n groepsegoïsme en nie die Christelike òf die Nasionale beginsel uitleef nie, laat staan die oorplant in Bantoe-vakunies. Iets dan nou oor die Britse Vakuniewyse: In die vroeë oggendure van 'n dag in Februarie 1834 is daar op 'n klein dorpie in Noord-Engeland, Tolpuddle, 5 manne deur die polisie aangehou. Ondanks die gehuil en misbaar van die agterblywende vrouens en kinders word hulle in Dorchester gevange gehou om voor die regter en 'n jurie — bestaande uit lede van die ryk boerestand en die landadel — te verskyn.

Hierdie manne was lidmate van die Wesleyaanse Kerk en onder hulle was 'n sekere Loveless die opvallendste figuur. Hulle het privaat godsdiensoefeninge gehou en het by sulke geleenthede hul liedere gesing, Metodistiese liedere, waarvan hul gunstelinglied: „Hy wat hom op God verlaat, is — sê die Heer — tot alles in staat" die meeste deur hulle herhaal is. Dìt was egter nie die oorsaak van hulle inhegtenisneming nie.

Op die bespotlik lae lone van 7/- per week het hulle, wat getroue en toegewyde werkers was, hul werkgewers 'n verhoging van 2/- gevra. Loveless was hierby die woordvoerder, en hy het daarop gewys dat daar weekliks meer geld aan sport- en renperde bestee is as wat aan die arm arbeiders, wat van vroeg tot laat werk, uitbetaal is. Hulle gesinne het in die jammerlikste armoede gelewe.

Die regter het 'n noukeurige ondersoek na hulle lewenswyse ingestel, maar geen beskuldiging van openbare dronkenskap, swendelary of bedelary kon aan hulle ten laste gelê word nie. Ook het hulle geen volksbond gestig nie. Tog is hulle eis vir meer loon strafbaar gestel as „opstandsverwekking" (op grond van 'n ou Engelse oorlogswet) en is hulle veroordeel tot **7 jaar verbanning na Australië**, die Engelse misdadigerskolonie van daardie dae. As Wesleyaanse Christene het hulle hul onreg sonder opstandigheid gedra, en reëlmatig het hulle lied: „Hy wat hom op God verlaat, is — sê die Heer — tot alles in staat" teen die tronkmure weerklink. Saam met nog 600 bannelinge is hulle nog gedurende 1834 na Australië ingeskeep.

Hierdie onreg het in enkele dele van Noord-Engeland en by 'n paar Wesleyaanse predikante beroering gewek, en hierdie leraars het hul lidmate aangespoor tot 'n aksie om herroeping van die vonnis te verkry. Een en 'n half jaar later word 'n optog georganiseer na die paleis van die Engelse koning;

ongeveer 100,000 persone neem hieraan deel. Minister Melbourne het, met die oog op moontlike onluste, gewapende soldate langs die roete laat opstel, maar die protes-stoet het rustig gebly en slegs hul liedere gesing: „Hy wat hom op God verlaat, . . . . ." Die latere parlementslid, Robert Owen, het die skare kalm toegespreek. Hoewel dus elke poging om die koning te bereik misluk het, dring die feit van die gepleegde onreg tôg tot die paleis deur, maar eers in 1836 word die vonnis herroep. Gelouter deur smart keer die vyf manne na hul vaderland terug en sorg Wesleyaanse predikante vir hulle karige lewensonderhoud, sodat dit vir hulle nie meer nodig was om by die landadel te werk nie. So het dus die stem van die Evangelie 'n rukkie in Noord-Engeland weerklink, **maar dis nou weer tipies Metodisties, dat die Evangeliedraers hulle nie geroepe gevoel het om die bestaande misstande te help hervorm nie.**

Terwyl orals in Wes-Europa die rewolusie onderdruk moes word (Bakouin was orals verban, maar kon in Engeland onderdak vind), en Karl Marx slegs in Engeland rustig kon bivakkeer, **het die Engelse arbeiders onberoerd gebly deur Marx se kommunistiese manifes.**

In die vyftiger jare is daar weer twee vroom Engelse manne, wat hulle die lot van miljoene arbeiders in die nywerheidsentrums aantrek: Maurice en Kingsley. In 1844 word in Rockdale 'n Christelike koöperasiewinkel geopen. Die groot ideaal van die Christen-Sosialiste vind alleen in Engeland ingang: om deur middel van koöperatiewe selfwerksaamheid (koop en verkoop) die middele tot verbetering van die lewenspeil te vind. Maurice en Kingsley was fel gekant teen elke vorm van verset en oproer. Hulle het hulleself buite die politiek gehou en het gemeen dat die mens deur 'n koöperatiewe lewensinstelling kon streef na 'n sosialistiese Christenmaatskappy, in 'n samelewing waar die „elkeen-vir-homself" en „England rules the waves" die leuse was vir jonk en oud. Maar hulle kon in hierdie verband geen sukses behaal nie.

Maar nie net die Evangelie was in Engeland onmagtig om die maatskappy met sy baie wantoestande te hervorm nie: **ôôk die rewolusie en die rewolusionêre beginsels het in Engeland nooit só 'n invloed uitgeoefen, en wat dit op die vasteland die geval was nie.**

In werklikheid is daar in die moderne Engeland nooit konings onthoof en nêrens het die strewe van die miljoene werkers in die groot nywerhede na posisieverbetering sô gewoed soos in Frankryk nie, waar dit 'n hele omvèrwerping van die maatskappy beteken het.

Tòg is die oudste sosialistiese vakbeweging van Engelse „fabrikaat": in 1851 word die eerste masjienewerkersbond gestig, en wel in Groot-Brittanje. Egter, nooit het die Engelse toegetree tot 'n internasionale rewolusionêre vakorganisasie nie, en eers toe die rewolusionêre tydperk van die internasionale vakbonde verby was, het hulle met die Europese vakverenigings begin saamstaan. Tôg het die wyse van opbou van arbeidswetgewing èn die metodes van die Engelse vakbondwese deur en deur sosialisties gebly, hoewel hulle nooit die rewolusionêre, tipies-rewolusionêre weg van „vernietig en slaan neer" gevolg het nie. Inteendeel: reeds in die beginjare

word die vakbondwese gekoppel aan die Engelse politiek onder die leuse: „England rules the waves". Die doelstelling daarvan was duidelik: om die hele wêreld aan die „empire" diensbaar te maak o.a. deur proteksionisme-beskerming en die bestendiging van eie handel en nywerheid — 'n strewe wat nêrens só diep wortel geskiet het as in Groot-Brittanje nie. Die tradisie dat die lords op Engelse wolkussings in die parlement moes sit en Engelse kleding van eie maaksel moes dra, het in geen land só lank in swang gebly nie.

Inderdaad, **ook hulle sosialisme het tipies Engels gebly**: groepsegoïsme („alles vir ons,") het in die sfeer van die Engelse Metodisme die ideaal gebly; wèl moes die wonde geheel word, maar die wapens wat beseer het, mog nie verwyder word nie.

**Nòg die Evangelie nòg die Rewolusie het in Engeland hulle krag kon ontplooi nie.**

Hierdie houding het ook **intern** sy invloed uitgeoefen op die Engelse vakbondvorming en arbeiderswetgewing. Wat die vakbonde aanbetref, het die sterkstes en magtigstes oor die minderes heerskappy gevoer. 'n Mens sou baie name kon noem van politieke leiers wat deur hierdie grootste bedryfsbonde op die voorgrond geplaas is. Maar veral ook dit, dat die arbeiderswetwetgewing méér gerig is op die spesiale belang van 'n bepaalde groep vakarbeiders, as op die algemene welsyn. Derhalwe bestaan daar 'n geweldige groot verskil in die beloning van verskillende arbeidersopleiding só sterk gebind aan die aantal arbeiders **wat momenteel in funksie is**, as wat dit **in Engeland die geval is nie**. Die aantalle van 6-8-12 vaklui met reg-van-opleiding van aantalle van 1-2-3 vakleerlinge word in Engeland nog as doodgewoon beskou, terwyl hierdie maatreëls reeds lank in lande soos Duitsland, Nederland en België afgeskaf is. Hierdie vastelandse opvatting is 'n normale gevolg van aanvaarding van die vinnige tegniese ontwikkeling, vlugge bedryfsgroei van ons tyd gesien teen die agtergrond van die eise wat die totale maatskappy-, ja wêreldontwikkeling aan ons stel. 'n Mens vra jou onwillekeurig af of die malaise, wat in Engeland tans steeds groter afmetinge aanneem — **(selfs sterker as wat in Frankryk en Italië die slapte toeneem), nie as sodanig grotendeels 'n gevolg is van die verstening in die arbeidswetgewing nie.** Nòg „boom", nòg „bas", nog die Evangelie, nòg die Rewolusie, nie proletaries en ook nie Christelik-nasionaal nie — dis alles tipies Engels.

Voordat ons die toestand van sake in ons land, Suid-Afrika, wil bespreek, is dit nodig om eers die aandag te vestig op die houding van vroeër van die Engelse teenoor hulle so genoemde dominiums. Dis 'n onloënbare feit dat Engeland die welvaartsbronne in hierdie gebiede hoofsaaklik aangewend het met die oog op sy eie welvaart. Natuurlik was in die vroeëre koloniale tydperk elke besitter van 'n dogterstaat min of meer in hierdie opsig skuldig. Tòg ht die Engelse wel in die besonder die fyn kuns ontwikkel om oral sterk steunpunte te vestig, om die volkere rondom hierdie steunpunte 'n sekere vryheid te gee, en om tog tegelykertyd die kanale vir grondstof te laat uitmond in die waters van die Engelse handel en nywerheid. Maar die belangrikste in ons geval is om te

let op die betrokke wetgewing in hierdie gebiede, „dominions" of hoe 'n mens hulle ook al wil noem. Wetgewing, dus òòk **arbeidswetgewing,** is heeltemal van Engelse fabrikaat, waarvan die ergste egter is, dat hulle grondstruktuur so kenmerkend **Engels-Sosialisties** is met 'n sosialisme wat beperk is tot die eie vak, tak of besigheid. So het ook in Suid-Afrika nooit en te nimmer 'n Christelike vakbond van nasionale strekking tot stand gekom nie.

Groepsegoïsme: beskerming van eie beroep deur middel van 'n beperkte toelating tot die vakopleiding en partykeer nie-toelating van vakimmigrante — **dit** het bykans 'n skrikbarende omvang aangeneem. En algemeen word hierdie misstand as vanselfsprekend aanvaar.

'n Ernstige vraag is: **Sal 'n nywerheidswetgewing in hierdie vorm nie noodwendig kultuur-wèrend" werk nie?**

Ons gebruik die woord **kultuur-wèrend:**

Ons in Suid-Afrika — die land met sy geweldig moeilike bevolkingsvraagstuk aan die een kant, en met sy groot onontgonne welvaartsbronne aan die ander kant — ons moet daar ernstig voor waak, dat 'n verstening van 'n bepaalde bevolkingsgroep, laat dit swart of wit, blank of bruin wees, uiteindelik sal beteken dat so 'n groep buite die kultuurontwikkeling geplaas word. Ons sal naarstiglik daaraan moet dink **dat die grootste welvaart van ons land eers dàn begin, wanneeer alle bevolkingsgroepe daaraan deel het ten bate van die geheel.**

Trouens, die rewolusie-vuur wat in Accra aangesteek is( 'n mens moet jou daaroor origens nie onnodig bekommer nie), sal aangewakker word tot 'n veldbrand wanneer nie aan alle bevolkingsgroepe die volste vryheid, ook op ekonomies-sosiale gebied, selfontwikkeling gegun sal word nie. Dis hoegenaamd nie voldoende dat ons „wetenskapshaarde" vir Bantoes instel of skole bou nie: hulle behoort wetenskaplik aan wat hulle leer uiting te kan gee in eie volk, gebied en kultuurkring.. Op die oomblik verval hulle wat wetenskaplik gevorm is weer in hul ou natuurgewoontes terug wanneer hulle in die stamverband terugkeer; hierdie tema word in wetenskaplike lektuur en in romans op baie toonaarde geïllustreer.

**Die grondfout lê o.i. in die arbeidswetgewing en in arbeidsvorming waarin te weinig aandag bestee word aan die vakopleiding in algemene sin, ook vir manne van 'n ander kleur:** ons land, Suid-Afrika, is een van die lande wat in hierdie euwel die voortou neem.

Dit het selfs só sterk ontaard, dat bepaalde industrieë die ontwikkeling van die vakmanskap van 'n bepaalde bevolkingsgroep teëngaan, dwarsboom en onmoontlik maak — origens heeltemal na Engelse patroon.

Dit wat in Engeland die daaglikse praktyk van die **vakorganisasies is:** geen rewolusionêre omverwerping nie, maar versterk jou eie belangegroep en sorg daarvoor dat jy nie te veel kompetisie in jou vakkring kry nie, . . . . dit is òòk die uitwerking van ons Suid-Afrikaanse nywerheidswetgewing ten opsigte van bepaalde groepe van ons bevolking.

Hierdie gang van sake is egter nie alleen ten nadele van die gekleurde bevolking nie. Oòk die blanke volksdeel sal, in verhouding tot die orige blanke w.reldbevolking, in agterstand geraak

wanneer hierdie onnodige remme nie verwyder word nie.

Kragte word ontwikkel en toegelaat van elders af, kragte wat ons volk ook tegnies-kultureel sal inskakel in die groot produksieproses van die wêreld-bevolking. **'n Eie opbou van Christelik-nasionale beroepsorgane sal daarvoor nodig wees.** In Sentraal-Afrika is op die oomblik Christelike Vakbonde uit Europa besig of die onontwikkelde bevolking op groot skaal só in te skakel in die arbeidsproses, dat dit nie tot skade nie, maar tot voordeel van die sieleheil van hierdie volke en van die hele gemeenskap sal strek.

Sal ons, Suid-Afrikaners, die Engelse gedragslyn volg en die Christelike en Nasionale beginsels uitskakel uit die maatskappyvorme? Of sal ons dit selfs aan die Rewolusie-leiers oorlaat om ons arbeiders in te skakel in die aangroeiende kosmopolitiese integrasie-proses van chaos-verwekking onder die massas?

Tog nie! Daar is 'n taak vir Christen-manne (nie slegs sendingsmanne of predikante nie, ondanks hulle baie, goeie werk), staats- en sakemanne, van wie baie die Roepstem van God tot nasionale solidariteit op hul eie terrein nie meer hoor nie. Hierdie taak lê vrywel nog heeltemal oop. Hulle — òns — sal moet saamstaan vir 'n Christelike werkersaksie onder die blankes, maar eintlik méér nog: onder die gekleurde bevolking van Suid-Afrika.

Nie die rewolusie nie, maar die Evangelie is die krag wat die volkere bring tot welvaart!

L. J. DU PLESSIS.

P.U. vir C.H.O.